MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

11 JANUARY 2011

Duidelikheid oor grondhervorming – CDP

Terwyl dit blykbaar ‘n gegewe is dat die regering grondhervorming op ‘n rassegrondslag bedryf, is dit noodsaaklik dat sekere sake in landsbelang nie uit die oog verloor moet word nie, sê Richard Botha, federale mede-leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP):

- Dit moet nie op so ‘n wyse geskied dat landbou-organisasies soos Agri SA en TLU SA vervreem word nie, aangesien die lede van daardie instansies se kundigheid onontbeerlik is vir sukses. Dit sluit in dat behoorlik na die veiligheid van plaasgemeenskappe omgesien moet word.
- Die proses moet grondwetlik wees, ook vir soverre die aanskaf van grond betref.
- ‘n Grondoudit moet so gou as moontlik afgehandel word sodat met feite, en nie politieke retoriek nie, gewerk kan word.
- Die regering moet afsien van modelle soos onlewensvatbare klein plasies of hoewes wat armoede in die hand werk eerder as landelike armoede teenwerk soos die verklaarde doelwit is. Dit bring ook voedselsekerheid in die gedrang.
- Dit moet nie, soos in Zimbabwe, as politieke middel vir stemwerwing aangewend word nie. Uitsprake by berade soos dat Mugabe gekry moet word om Suid-Afrika se grondhervorming te lei, moet sonder aansiens des persoons gerepudieer word.
- Die regering moet ongegronde uitsprake oor die landbougemeenskap staak en toesien dat liedjies met ‘n haatspraak-inhoud nie gesing word nie.
- Die strategiese landbouplan, wat destyds deur oud-president Thabo Mbeki onderteken is, moet steeds die grondslag van landbou en grondhervorming vorm. Deur voortdurend die wiel te ontwerp skep onstabiliteit.

Clarity on land reform: CDP

Whilst it is clear that government s bent on a racial approach to land reform, it is important that some aspects should, for the sake of the country, not be left for chance, according to Richard Botha, federal co-leader of the Christian Democratic Party (CDP).

- It should not be driven in such a way that agricultural organisations such as Agri SA and TAUSA distance themselves from the process, as the expertise of their members are essential for the process to succeed. This includes taking proper care of the safety of farming communities.
- The process must be constitutionally sound, also as far as the process of acquiring land.
- A land audit should be completed as soon as possible so that real facts are used and not political rhetoric.
- Government should abort plans for small farms and smallholdings not viable to combat rural poverty, an outspoken objective. This also endangers food security.
- It must not, as with Zimbabwe, be driven as part of a program to gain votes. Calls at conferences to acquire the services of Mugabe to drive the South African land reform process must be condemned outright.
- Government must abort inflammatory statements on the farming community and make sure that hate speech songs are not sung.
- The strategic agricultural plan signed by former Pres. Thabo Mbeki should form the basis of all agricultural related plans, as reinventing the wheel only ensures an elongated instability in the sector.

Agri SA het beklemtoon dat hy ten volle gereed is om 'n betekenisvolle grondhervormingsprogram te steun. Die president van Agri SA, Johannes Moller, sê die tyd het aangebreek dat die regering, georganiseerde landbou en individuele boere saamwerk met die doel om algemene grondhervorming in die land te bevorder. Moller het gereageer op President Jacob Zuma se toespraak die naweek by die ANC se 99ste bestaansjaarvieringe in Polokwane. Zuma het gesê dat daar steeds baie uitdagings is ten opsigte van grondhervorming. Moller sê miljarde rand is bestee aan die herstel van grondregte wat klaaglik misluk het en voedselsekerheid in die gedrang bring. (RSG)